

Graan SA Oggend Markkomentaar

GRAAN SA GRAAN SA	DATUM 2018/07/16		DATUM 2018/07/13		+ LAST WEEK 2018/07/09		BY DIE GELD PUIT OPSIE			
	Data	Δ	Δ%	Data	Δ%	Data	DEC '18 TERMYNPRYS	WM	YM	
DJIA-index	25019	94.52	0.4%	24925	2.3%	24456	R 2 089.00	R 2 175.00		
Goud (Spot)	1244.47	-1.04	-0.1%	1245.51	-1.0%	1256.69	CALL TREFPRYS	R 2 080.00	R 2 180.00	
Brent \$/vat	74.92	0.45	0.6%	74.47	-3.3%	77.49	CALL PREMIE	R 114.91	R 107.56	
1 € / US\$	1.1699	0.01	0.6%	1.1632	-0.5%	1.1759	GELYKBREEK SAFEX PRYS	R 2 194.91	R 2 287.56	
1 US\$ / ZAR	13.22	-0.110	-0.8%	13.33	-1.6%	13.44				
Corn	R 1 729.95	-36	-2.1%	R 1 766.39			*CBOT Corn Jul cents / bushel 08:00 today vs. CBOT Jul 12:00 the previous day			
Wheat	R 2 410.30	39	1.6%	R 2 371.58			* CBOT Wheat Jul cents / bushel 08:00 today vs. CBOT Wheat Jul 12:00 the previous day			
Soybeans	R 3 966.65	-105	-2.6%	R 4 072.14			* CBOT Soy Jul cents / bushel 08:00 today vs. CBOT Soy Jul 12:00 the previous day			
Latest CBOT prices during overnight trading (Recorded between 6 a.m. to 07:00 am vs 12:00 pm the previous trading day)							WEEK NR.			
Corn Jul 18	332.40	-4.20	-1.2%	336.60			MIELIE UITVOERE			
Wheat Jul 18	496.20	12.00	2.5%	484.20			11	WM	YM	TM
Soybeans Jul 18	816.60	-14.80	-1.8%	831.40			WEEK TOTAAL	6 026	116 272	122 298
PLAASLIKE MARKINLIGTING							JTD TOTAAL			
Sorghum Jul '18	3250.00	0.00	0.0%	3250.00			UITVOERBAAR	1 550 000	2 455 000	4 005 000
WMAZ Spot	1979.00	-12.00	-0.6%	1991.00			JTD AS % VAN UITVOERBAAR	6%	23%	17%
WMAZ Sep 18	2024.00	-14.00	-0.7%	2038.00			TEMPO/WEEK BENODIG	35 514	45 868	81 382
WMAZ Dec 18	2089.00	-18.00	-0.9%	2107.00			MIELIE PRODUSENTE LEWERINGS			
YMAZ Spot	2046.00	-16.00	-0.8%	2062.00			WEEK TOTAAL	500 481	429 280	929 761
YMAZ Jul 18	2105.00	-13.00	-0.6%	2118.00			JTD TOTAAL	2 111 673	2 982 021	5 093 694
YMAZ Sep 18	2175.00	-15.00	-0.7%	2190.00			NOK SKATTING + REGSTELLINGS	6 379 660	5 797 150	12 176 810
SOY spot	4231.00	-37.00	-0.9%	4268.00			% GELEWER VAN OES	33%	51%	42%
SOY Sep 18	4320.00	-40.00	-0.9%	4360.00			TEMPO /WEEK BENODIG	129 333	85 307	214 640
SUN Spot 18	4558.00	-31.00	-0.7%	4589.00			KORING INVOERE			
SUN Sep 18	4661.00	-29.00	-0.6%	4690.00			2017/18	2016/17	5 Jr. GEM	
WHEAT July 18	4020.00	-3.00	-0.1%	4023.00			WEEK TOTAAL	56 050	25 883	28 263
WHEAT Sep 18	4097.00	1.00	0.0%	4096.00			JTD TOTAAL	1 637 148	581 125	1 111 823
WHEAT Dec 18	4148.00	-2.00	0.0%	4150.00			TOTAAL BENODIG	1 930 000	930 728	1 622 999
NUUTSTE MARKINLIGTING TOT 23:00 (RSA TYD) SOOS VERKRY UIT VERSKEIE MARKVERSLAE							JTD AS % VAN BENODIG			
							85%			
							62%			
							69%			

Markoorsig: Die rand verhandel teen R13,24 teenoor die dollar vanoggend. Vrydag het die rand sterk geopen voordat dit teenoor die dollar verswak het; nadat dit Donderdag een van die toppresteerders was, te midde van verbeterde sentiment in ontlukende markte, aangesien China teruggehou het om terug te kap teen die VSA tarief dreigemente. Die rand het ook versterk as gevolg van beter as verwagte mynbou- en vervaardigingsproduksiedata. Dit was 'n goeie tyd vir die rand sedert die laaste vergadering van die Suid-Afrikaanse Reserwebank (SARB). Volgens die Reserwebank, kan nie veel gedoen word om die geldeenheid in die komende maande te beskerm nie. Ru-olie verhandel vanoggend teen \$74,92 per vat. Rusland is gereed om \$50 miljard in Iran se olie- en gasbedryf te belê, aangesien die twee lande 'n beter verhouding wil hê, met die VSA wat die Iraanse ru-olie-uitvoere van die mark terughou.

Mielies: Amerikaanse mieliepryse het sedert Donderdag gedaal omdat markte bekommerd is oor die handelsverhoudinge met China en belowende weervoorsigte, aangesien hierdie jaar se oes vinnig in bestuwing kom. Vir die week is September-mielie-termynkontrakte amper 5,3% laer. Taiwan het Vrydag 66 056 ton in 'n internasionale tender aangekoop wat vanaf die VSA of Brasilië verkry kan word; Die graan sal laai in September en vroeg in Oktober verskep word. Suid-Korea het Donderdag nog 68 597 ton mielies van opsionele oorsprong aangekoop, wat die land se totale aankope in Junie en Julie tot 2,0 miljoen ton gebring het. Brasilië skat hul hektare vir 2018/2019 tot 1,6% laer, met Brasiliaanse produsente wat die komende seisoen alternatiewe gewasse soos sojabone en katoen verkies. China het Vrydag nog 942 581 ton mielie staatsreserwes verkoop. Dit is sowat 23,5% van die totaal beskikbaar vir verkope. Frankryk beraam dat hul huidige produksietoestand 1% laer as die vorige week, teen 73% goed tot uitstekend is. **Plaaslik:** Plaaslike mieliepryse het die dag laer geopen met 'n paar verkope wat deurgevoer is na die opening. Die Desember witmelie-kontrak het die dag op R2100 ooggemaak, wat ook die sessie hoogtepunt was. Die kontrak het teen 'n laagtepunt van R2087 verhandel voor die sessie geëindig het.

Sojabone: Sien die Weeklikse Oliesadeverslag

Koring: VSA koringpryse het op Donderdag se momentum voortgebou, met die herbevestigde produksieprobleme in belangrike oorsese markte, na die bekendstelling van die WASDE-verslag. Rusland verwag koringproduksie van altesaam 64 miljoen ton vir 2018. Frankryk se 2018 sagte koring stroopproses is op 9 Julie, 20% voltooi, wat 3% hoër as verlede week is. Die toestand van Frankryk se koringoes is 72% goed tot uitstekend, 1% laer as verlede week. **Plaaslik:** Plaaslike koringkontrakte het die dag onveranderd ooggemaak / effens laer Vrydagoggend. Desember-koringkontrakte het die dag op R4146 per ton begin en het tot R4144 per ton verhandel, voordat die dag naby 'n sessie hoogtepunt van R4160 per ton gesluit het.

Plaaslike Markinsigte & Data: www.grainsa.co.za / www.sagis.co.za
Internasionale Markinsigte & Data: www.usda.co.za

Opgestel deur Luan van der Walt en Ikageng Maluleke / Vir navrae, kontak: luan@grainsa.co.za
Dankie aan die Mielietrust vir die gedeeltelike befondsing van hierdie projek

